

19 Julie

Beleef die eenheid wat Christus bewerk het

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:1-12

Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:8-12

Die Here Jesus het as die goeie Herder vir Hom 'n kudde uit alle volke, nasies en tale bymekaar gemaak. Hy het ons in 'n eenheid aan Hom en aan mekaar gebind (vgl. 1 Pet 2:25). Daarom moet ons hierdie eenheid ten alle koste bewaar en in stand hou deur in vrede met mekaar te lewe.

Dit is ook waartoe die Here ons deur Petrus roep. Met vyf woorde sê hy hoe die onderlinge verhouding tussen gelowiges moet wees. Dit is hoe broers en susters teenoor mekaar optree.

Wees almal eensgesind! Dit is alleen moontlik wanneer elkeen die gesindheid van Christus sy eie maak. Sy gesindheid was dat Hy nie in die eerste plek aan Homself en sy eer en belange gedink het nie, maar aan ons s'n. Wanneer hierdie gesindheid in jou is, dan sal jy nie selfsugtig op 'n eiland net vir jouself lewe nie. Nee, dan sal jy intiem saam met ander lewe en vir ander omgee.

Jy sal liefdevol wees en die warmte van die Here se liefde sal uit jou lewe en optrede straal. Jy sal goedhartig wees en jou ontferm oor hulle wat in nood is of wat minder bevoorreg is – soos die Here Hom oor jou ontferm het.

Jy sal nederig wees en jou nie in hoogmoed bo ander verhef en dink jy is beter as hulle nie. Ons is almal gelyk en behoort aan dieselfde kudde en ons het een en dieselfde Herder.

So kan jy die eenheid wat Christus bewerk het, bewaar en in stand hou.

Ds. C Krüger (Nelspruit)